

Heilbron Boeretreat gee terug aan gemeenskap

Heilbron Boeretreat se bestuur gaan daarop uit om terug te gee aan die gemeenskap. Ekstra fondse ingesamel deur hierdie instansie gaan bloot aan liefdadigheid en met trots het hulle reeds R150 000 gedurende die jaar van 2019 uitgegee vir dié in nood. Danksy intansies in die dorp wat deur die inwoners bestuur word, is dit vir hulle makliker om oorhandigings te maak en die probleem te benader. Daar was hierdie jaar spesiaal gekyk na: Die skool se Broodjieprojek, Heilbron Dienssentrum, Gereformeerde Kerk Phiritona, Gholfklub verbeterings, Heilbron Beheerkamer, Hoërskool Heilbron en Sportdag, Tannie Dinkie van Rooyen wat die minderbevoordegtes en behoeftige dogters help en die Teerpadprojek. Oorhandigings is op Vrydag, 6 Desember gedoen en 'n ete is geniet by Buffalo Valley Spur. Daar is nog groot planne en die Boeretreat se bestuur sien uit daarna om 2020 die gemeenskap en dorp nog te verbeter en te help waar hulle kan.



Op die foto agter vl: Petrus Malindi, Corné van der Merwe, Surene en Leonard Strydom, Wessel Hattingh. Voor vl: Dinki van Rooyen, Sylvia Meades, Liza Boshoff en Niklaas van der Walt.



Op die foto vl: Corné van der Merwe namens Beheerkamer en Leonard Strydom.



Op die foto vl: Sylvia Meades ontvang names die Dienssentrum en Leonard Strydom.



Op die foto vl: Petrus Malindi ontvang names die Gereformeerde Kerk Phiritona en Leonard Strydom.



Op die foto vl: Dinki van Rooyen namens Heilbron Barmhartigheid en Leonard Strydom.



Op die foto vl: Surene Strydom namens Hoërskool Heilbron en Leonard Strydom.

75 Jaar van Groot Genade

EG Kerk Frankfort

Ds Hendrik van Rensburg sal die diens waarneem die 16de Februarie 2020. Ds Hendrik is van die Tzaneen gemeente en seun uit die gemeente Frankfort. Na die erediens sal verversings beskikbaar wees. Vir meer besonderhede kontak ds Pieter van Wyk by Sel: 083 594 3078 of E-Pos: pietervanwyk2007@yahoo.com. RSVP 31 Januarie 2020.

75 Jaar van Groot Genade

Datum: 16-18 Februarie 2020

Prediker: Ds. Hendrik van Rensburg

Adres: 20 Markstraat, Frankfort

Kontak: Ds. Pieter van Wyk 083 594 3078

Lize-Mari Els
* 16.12.1984 - † 22.7.2008

Daar kom dae wanneer storms in jou hart broei, bekommernis en seer soos geil kakiebos in jou hart groei. Dae wanneer daar soveel vrae op jou tong lê en jy als wat jou pla vir die mensdom wil sê. Dae wanneer branders in jou oë breek. Jy nie jou tranes kan wegsteek. Dan kom God se Genade-dae, wanneer dit net stil word in jou, jy SY Stem hoor... En weet dat HY jou styf vashou. Dankie Here vir Genade-dae!

Amptelike Hoërskool Heilbron rugsak beskikbaar by Heilbron Herald slegs R 253